

Woensdag 16 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 21:1-16

Fokusgedeelte: Handeling 21:4b,
11b

Die Heilige Gees gee duidelike leiding

In die boek Handeling word daar meer as 50 maal uitdruklik na die Heilige Gees verwys. Die Gees lei die apostels om die evangelie uit te dra. In vandag se Skrifgedeelte word twee maal na die leiding van die Heilige Gees verwys. Beide kere stuur die Gees vir Paulus 'n boodskap om nie na Jerusalem toe te gaan nie.

Tog het ons gister gelees dat Paulus in Milete gesê het hy word deur die Gees gebind om na Jerusalem te gaan (Hand. 20:22). Beteken dit dat die Heilige Gees Homself weerspreek of onduidelik praat?

Die antwoord lê daarin dat Paulus teenoor die ouderlinge van Efese 'n bewering maak, terwyl ons voorgelese gedeelte dit as feit stel dat die gelowiges in Tirus deur die Gees gepraat het. Verskeie gelowiges het hom ook in Caesarea gewaarsku om nie te gaan nie nadat hulle die woorde van die profeet Agabus gehoor wat op gesag van die Heilige Gees gebring is. Met ander woorde, Paulus het hom in Milete misgis en gedink die Gees lei hom na Jerusalem. Paulus se woorde kan ook beteken: "Ek word deur my eie gees gebind om te gaan."

Hoe weet ons dan wel of die Heilige Gees met ons praat? Die Heilige Gees lei ons deur God se beloftes en opdragte. Die Here se opdrag aan Paulus was baie duidelik. Hy moes die evangelie onder die nie-Jode te verkondig (Rom. 15:16; Gal. 2:7; ens.). Die Here Jesus het hom persoonlik uit Jerusalem weggestuur na die heidene toe (Hand. 22:17 en 20). Die Gees gebruik, volgens vandag se Skrifgedeelte, medegelowiges om te bevestig dat Paulus se drif om in Jerusalem die Jode te bedien en selfs daar vir Christus te sterf, iets is wat hy homself opgelê het. Dit kom nie van die Heilige Gees nie. Paulus is nie die Heiland wat vrywillig sy lewe vir ander kan aflê nie.

Lewe uit God se beloftes en luister hoe medegelowiges dit bevestig. Die Heilige Gees wil ons onmiskenbaar lei.

Sing: Psalm 25-1:2

Prof. PP (Paul) Krüger (Paul) (Emeritus)